

DINSDAG 7 APRIL

SKRIFGEDEELTE: JOB 34

FOKUSGEDEELTE: JOB 34:10, 11

Elihu – God se soewereiniteit

In Job 32 verskyn Elihu (hy is God) skielik op die toneel. Hy was van die stam Bus (vgl. Gen. 22:21) en die familie Ram. Elihu is baie blatant wanneer hy met Job praat en gee voor dat hy alles weet, maar hy redeneer op dieselfde manier as Job se drie vriende, naamlik dat God binne die skema van oorsaak en gevolg optree. Lyding is die gevolg van sonde wat deur God gestraf word, en voorspoed is die gevolg van 'n goeie lewe wat deur God beloon word.

Elihu lê baie klem op God se soewereiniteit. God se soewereiniteit beteken dat Hy die oppermag het. Hy regeer en beheer alle dinge. Volgens Elihu is dit onmoontlik dat God, wat oor alle dinge regeer, onregverdig kan wees. Hy is nie partydig nie (vs 34) en straf mense vir hulle goddeloosheid (vs 26).

Die probleem is dat Elihu 'n beperkte siening van God se soewereiniteit het. In sy soewereiniteit is God immers nie net regverdig nie, maar ook liefdevol en genadig. Ons sien dit in Jesus Christus. Hy het God se regverdige straf op die sonde gedra, en omdat God liefdevol en genadig is, het Hy dit in ons plek gedoen.

Deur geloof kry ons deel aan dit wat Jesus gedoen het (let wel: dit is nie geloof wat ons red nie, Jesus red ons! Geloof verbind ons aan Jesus en sy verlossing).

Glo jy dat God jou deur sy soewereiniteit gered het? Glo jy dat Hy oor jou lewe regeer, en ook buite die skema van oorsaak en gevolg optree?

Sing: Psalm 99:1, 2, 4 (2001)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)